

GAAN EN MAAK DISSIPELS

deur

DOTA

HANDLEIDING 1 VIR GROEOPLEIERS

Eerste Afrikaanse uitgawe 2015

INLEIDING

Wil jy groei as 'n dissipel van Jesus Christus? Wil jy ander gelowiges help om te groei?

Bestudeer dan die vier **HANDLEIDINGS VIR GROEOPLEIERS OOR HOE OM DISSIPELS TE MAAK** en pas die inhoud toe! Hierna bekend as: Handleiding 1 tot 4.

Jesus het dissipels gemaak. Hy het vir die mense gesê, “Kom saam dan sal julle sien” en “Volg My” (Johannes 1:39, 43). En mense het van oraloor gekom om te sien hoe Hy geleef het en waaraan Hy Sy lewe toegewy het. Hulle volg Hom in elke land van die wêreld, oor Wie Hy is en wat Hy doen. Hy't hulle lewens totaal verander. Hy het ons lewens geheel en al verander!

Jesus het biddend twaalf mans gekies om te leer en toe te rus. Hy wou hê dat hierdie dissipels, wat besig is om te groei, tyd saam met Hom spandeer, om na Sy woorde te luister en te sien hoe Hy lewe, om Sy lewe na te volg en Sy bediening na te boots (Markus 3:13-15).

Na so twee jaar het Jesus vir Sy dissipels 'n opdrag gegee, “Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels” (Matteus 28:18-20). En hulle het gegaan en dissipels gemaak van Jerusalem af tot in die uithoeke van die wêreld (Handelinge 1:8). Hierdie dissipels het op hulle beurt meer dissipels gemaak en gegaan na ander onbereikte plekke. Hulle het dit wat hulle geleer het, aan andere deurgegee (2 Timoteus 2:2). Sodoende is die dissipels van die Here Jesus Christus vandag besig om dissipels te maak in elke land ter wêreld.

Die apostel Paulus leer dat Jesus Christus aan spesifieke christene die taak gegee het “om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus” (Efesiërs 4:11-16).

Die doel van die vier handleidings is om 'n Christen groepleier te help om ander Christene in sy sorg toe te rus om dissipels van Jesus Christus te word. 'n 'Dissipel' is 'n volwasse en funksionerende Christen.

Hierdie kursus maak die toerusting van dissipels prakties deur die groepleier die volgende te gee:

1. Elkeen van die vier handleidings bevat twaalf lesse wat in drie maande se tyd voltooi kan word (een les per week).
2. Belangrike Bybel verwysings help die student om Christus en die Bybel te leer ken.
3. Die groepleier moet van die vroeë gebruik maak en die studente die Bybelgedeeltes laat lees voordat die bespreking plaasvind.
4. Die 'notas' gee 'n opsomming van die antwoord op elke vraag. Dit dien as 'n riglyn vir die groepleier.
5. Die opleidingskursus gee praktiese metodes deur om dissipelskap alleen of saam in 'n kleingroep te beoefen.
6. Elke les sluit ook voorbereiding in wat aan die student uitgedeel kan word en dan tuis gedoen moet word..
7. Elke opleidingskursus kan maklik deurgegee word aan andere. Na die voltooiing van elke kursus van 12 lesse, kan die student wat die opleidingskursus aan 'n ander kleingroep wil leer, 'n afskrif van hierdie handleiding vir groepleiers kry.

Ons gebed is dat die Here gou die getal dissipels in jou omgewing sal vermeerder en dat 'n groot getal mense sal begin gehoorsaam word (Handelinge 6:7).

Mag die HERE verheerlik word! “Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid! Amen” (Romeine 11:36).

DOTA¹

2015 (Eerste Afrikaanse uitgawe)

KOPIEREG

Daar is kopiereg op die vier handleidings. Hulle mag vryelik gekopieer word vir opleidingsdoeleindes, maar hulle mag nie verkoop, verander of in ander tale vertaal word sonder die geskrewe toestemming van die skrywer nie.

AANBEVELING

Die materiaal is bedoel om wyd gebruik te word en om vir baie tot 'n seën te wees. Aangesien die doel van die vier handleidings is om Christene op te lei of toe te rus, word dit aanbeveel dat alleenlik die groepleiers van hierdie dissipel-opleidingskursus kopieë van hierdie handleidings sal maak. 'n Student moet alleenlik 'n ongewysigde kopie van die handleiding of van 'n les ontvang, nádat die kursus van twaalf lesse voltooi is en alleenlik as hy dit vir 'n ander persoon of 'n kleingroep gaan aanbied.

¹ DOTA = Discipleship training On The Air.

Die naam kom van die tyd toe hierdie kursus hoofsaaklik oor die radio uitgesaai is in die Verre Ooste en in die Midde Ooste.